

## Nico van Gijsen

Ek kyk vandag na enkele vrae oor beleggings en belastings binne huwelike.

Ek begin met 'n leser se vraag: Kan hy geld aan sy vrou, 'n tuisteskepper, gee om in 'n uittreeannuïteit (UA) te belê?

Self benut hy reeds sy maksimum jaarlikse belastingvrye bydrae van R350 000 tot UA's. Hy, of liever hulle, wil meer spaar vir aftrede. Hulle het ook diskresionêre beleggings.

Die egpaar is binne gemeenskap van goed getroud.

Jy kán geld vir jou vrou gee om in 'n UA, of enige ander beleggingsprodukt, te belê.

Geskenkbelasting geld nie skenkings tussen gades nie. Sy sal uiteraard nie die spaarpremies vir 'n UA kan aftrek nie, want sy het nie 'n inkomste om dit teen af te trek nie.

# Belasting op beleggings vir getroudes

Jy hoef natuurlik nie geld aan haar te skenk om in 'n UA te belê nie. Jy kan die ekstra geld ook in jou eie UA belê. Jy sal net nie meer as die R350 000 van belasting kan aftrek nie, dis al.

Die voordeel daaraan om óf bykomende geld (meer as die R350 000) in jou eie UA te betaal óf dat jou vrou 'n UA in haar eie naam koop, is dat die groei in die UA-belegging (in jou naam of hare) steeds belastingvry is. Só spaar julle aan belasting.

En dan, by aftrede, is daardie deel van die geld wat nie gekwalifiseer het vir die belastingaftrekking terwyl julle gespaar het nie, beskikbaar as 'n belastingvrye pensioeninkomste.

Nico van  
Gijsen



**Raad met jou rande**

Dit is die moeite werd om te oorweeg as jy besig is met langtermyn-finansiële beplanning.

By die dood is die geld waarvan ons hier praat - die deel wat nie belastingaftrekbaar was toe jy gespaar het nie -

'n bate in jou boedel vir boedelbelasting.

Maar as julle mekaar begunstig, is daar ook geen boedelbelasting nie. Op daardie deel van die geld waarvoor jy wel 'n belastingaftrekking in die UA kon kry, betaal jy in elk geval nie boedelbelasting nie. Dit word ingevolge die tweede skedule van die Inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962) belas.

Tot by hierdie punt is dit irrelevant met watter huweliksbedeling julle getroud is. Vir die verdere bespreking van belasting moet ons onderskei tussen beleggings in 'n UA en diskresionêre (nie-pensioenfondstipe) beleggings.

In huwelike binne gemeenskap van

goed word beleggingsopbrengste (die jaarlikse groei) gelykop verdeel tussen gades vir die doeleindes van inkomstebelasting. Elkeen kan sy jaarlikse renteaftrekking van R23 800 (onder 65 jaar oud) of R34 500 (bó 65 jaar) gebruik, asook die R40 000-jaarlikse vrystelling van kapitaalwinstbelasting (KWB). Elkeen betaal dan belasting volgens die heersende skaal vir individue.

Dit geld diskresionêre beleggings.

Soos genoem, is geen belasting betaalbaar in 'n UA-belegging nie. Jou pensioeninkomste - jy moet die UA-geld gebruik om 'n pensioen te koop, byvoorbeeld 'n lewende annuïteit - is belasbaar, maar net in die hande van

die persoon in wie se naam die lewende annuïteit is, ongeag hoe julle getroud is. Dis asof dit 'n salaris is en nie 'n beleggingsinkomste nie.

Die inkomste wat jy uit 'n diskresionêre belegging trek, is belastingvry. D wat oor is by jou dood, val eweneens in jou boedel vir boedelbelasting.

En soos ek byna weekliks hier herhaal: Kry 'n kundige om jou te help met jou finansiële beplanning. Daar is veel meer aan beleggings en algemene finansiële beplanning in die algemeen as (baie keer vals) beloftes oor opbrengs en produkte.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur by Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of [nico@finlac.com](mailto:nico@finlac.com); Twitter: @Nicovangsen